

REWOLUSIE
IN DIE OERWOUD
A. P. DU PLESSIS
Oerwoudvalk Nr. 6

# REWOLUSIE IN DIE OERWOUD

*deur*

**A. P. DU PLESSIS**

*Uitgegee deur:*

SKATKIS BOEKE - UITGEWERS

Strand Mews Strand

2019

# Rewolusie in die Oerwoud

Voorbladskets is die oorspronklike voorblad van 1960 en geredigeer deur Marney van Ginkel.
Tweede uitgawe (aangepaste weergawe).

Kopiereg op hierdie verhaal is voorbehou en dit mag nie in die geheel of gedeeltelik herdruk word of versprei word sonder die nodige skriftelike toestemming van die uitgewer nie. Herdruk sluit in geen vorm van elektroniese of meganiese vorm, bv. deur middel van e-boeke, fotokopiëring, skryf, bandopname of deur enige ander manier vir inligtingsbewaring of ontsluiting. Al die karakters en gebeure in hierdie verhaal is denkbeeldig en het geen betrekking op enige persone, lewendig of dood nie.

Rewolusie in die Oerwoud
deur A.P. du Plessis

ISBN: 978-1-928498-45-2

Uitgegee deur:
Skatkis-Uitgewers, Strand Mews, Strand 7140
Suid-Afrika

Kopiereg @ Pieter Haasbroek (2019)

Aanlyn winkel: https://sqrindle.com/category/fiction-and-literature
Webwerf: https://www.softcoverbooks.co.za

## OPSOMMING

In hierdie verhaal kry die Oerwoudvalk te doen met rewolusie, opstand, moord en brandstigting in die Belgiese Kongo. Alles begin toe ’n Griek genaamd Poponoulis en sy gesin deur inboorlinge aangeval word. Gelukkig vir hulle is die Valk toevallig in die nabyheid en kan hy hulp verleen. Die oormag raak egter te groot en moet hulle later vlug.

Hulle oorleef die ongeluk en daar en dan besluit die Valk om uit te vind wie agter alles sit. Hy hoor van nog mense wat vlug van al die geweld en maak dit sy doel om hulle betyds te probeer vind, voor almal uitgemoor word. Gou kom die Valk op ’n sendingstasie af met ’n geheimsinnige draadomheining rondom. Daar binne ontmoet hy ’n Biskop Gravalotte en dadelik besef die Valk dat alles daar nie heeltemal pluis is nie. Skaars is die Valk daar weg, op soek na ’n klompie rolprentmakers wat ook verdwyn het, of die tamboere kondig af dat hy vermoor moet word.

Kolonel Fleerackers, hoof van die veiligheidspolisie, en twee van sy kollegas stel intussen ook ondersoek in na die onluste en word gevange geneem by die sendingstasie, deur twee fanatieke Russe. In die Valk se soektog na almal, kom hy te staan teen ’n yslike leeumannetjie, wat hy slegs met kaal hande en ’n jagmes aandurf. Groot is sy verbasing toe hy ontdek wie se lewe hy in die proses gered het. Verder daag daar ook hulp vir hom op vanuit ’n totaal onverwagte oord. Dit stel hom toe in staat om met hulle hulp, die Sendingstasie, waar al die onheil broei, te gaan aanval, sy vriende te gaan bevry en so die rewolusie te probeer beëindig.

# UITTREKSEL

Terwyl Lena Landman met gespitste ore na die vordering van haar agtervolgers luister, merk sy die gehawende toestand van haar klere.  Half instinkmatig probeer sy die geskeurde dele weer bymekaar uitbring.  Die krapplekke aan haar gesig, arms en bene brand soos vuur en sy wens dat sy by water kon wees om hulle skoon te was.  Skielik sit sy regop, haar oë groot gerek.  Haar skraal vingers het outomaties na haar keel beweeg en koue angssweet begin oral op haar lyf uitslaan.

Want skuins bokant haar, so naby dat sy die vlammende oë duidelik kan sien, is die platgetrekte lyf van ’n luiperd.  Sy merk die lang, lenige stert wat stadig en ritmies heen en weer piets.  Sy maak haar mond oop om te gil, op die oomblik toe die gedagte haar te binne skiet dat alles tog vergeefs was, omrede ’n dubbele gevaar haar nou bedreig...  Sy besef dat sy na alle waarskynlikheid binne enkele oomblikke dood gaan wees.

# INHOUD

**HOOFSTUK**

1. Hier broei Onheil

2. Nag van Verskrikking

3. Tamboere van die Dood

4. Die Sendingstasie

5. Die Oerwoudvalk moet Sterf

6. Die Kraagmannetjie

7. Nes van Onheil

8. Bloed in die Oerwoud

# 6. REWOLUSIE IN DIE OERWOUD

## Hoofstuk 1
## HIER BROEI ONHEIL

"HIER broei lelike dinge. Hier kan die dood vanaand of môre, oor 'n week toeslaan of miskien selfs binne 'n uur. Geen blanke is meer veilig hier nie. Ons sal moet veg of trek. Dit is die enigste twee alternatiewe." Die breedgeskouerde, middeljarige Griek slaan met sy vuis op die gehawende toonbank voor hom. Sy donker oë gloei in die van die Oerwoudvalk, wat hom ondersoekend aankyk.

Poponoulis, die Griek, beduie na die binnekant van sy ruim winkel, in die hartjie van die tropiese oerwoud. "Vyftien jaar lank het ons hier geswoeg, ek, my vrou en my drie seuns. Hier het ons gewerk, hier het ons geanker en hier het ons aardse middele met die kom en gaan van die jare toegeneem. Nou..." Hy trek sy skouers op, terwyl sy oë by die deur uitdwaal, al met die tweespoor pad langs, tot waar hy 'n vyftal inboorlinge nader gestap sien kom.

"Nou weet ek nie meer nie. Niemand weet meer nie. Die gevoel van veiligheid is weg. Dit bestaan net nie meer nie. Wie kan ons ook kwalik neem? Die hele Afrika is 'n kookpot, 'n gistende sweer, 'n kruitvat. Die hele wêreld is skynbaar teen ons klompie blankes hier. Die Ooste haat en verfoei ons, sien ons as 'n struikelblok in hul pad en die Weste wil die Ooste in sy eie spel oortref."

Die Griek vee die sweet van sy bruingebrande voorhoof af. "Bring vir ons iets koud," gelas hy een van sy twee seuns, wat net woordeloos na hul vader staan en luister. Hulle oë is egter bewonderend op die forse gestalte van die halfnaakte Oerwoudvalk gerig.

Die Oerwoudman kry die Griek voor hom skielik innig jammer. Poponoulis was 'n groot vriend van sy gestorwe sendelingouers. Poponoulis, die groothartige, die man uit een stuk, die man wat feitlik sonder 'n pennie na die Belgiese Kongo gekom het en hier vir hom self 'n eerlike, klein fortuintjie kom maak het.

Intussen het die vyf inboorlinge die winkel bereik. Onder die afdak gaan hulle stil staan, terwyl skelm oë na binne dwaal. Hulle verval dan in 'n fluister gesprek.

Die Oerwoudvalk se oë vernou effens as hy die punt van 'n panga uit 'n sak sien steek, wat een van die inboorlinge dra. 'n Haastige opname met sy oë verseker hom dat die ander ook soortgelyk gewapen is.

Hy kyk na Poponoulis en merk die veelbetekenende trek op sy gesig. Die Griek leun effens vooroor. "Het jy die panga gesien?"

Die Valk knik. "Maar dit hoef nie noodwendig iets te beteken nie."

"Heeltemal juis," vervolg Poponoulis. "Maar wie kan sê wanneer die dag aanbreek dat hulle dit wel sal gebruik en skielik sal gebruik?"

Hy neem die koue drankies by sy seun en oorhandig 'n glas aan die Valk. "Maar ons is reg vir hulle, my vriend. Hier by my hand is 'n dubbelloop haelgeweer en in my broeksak is 'n Duitse Luger. My seuns en my vrou is ook gedurig gewapen. As hier inboorlinge in die winkel is, hou een van ons hulle altyd dop, veral die afgelope maand of wat. Hulle sal ons minstens nie maklik onvoorbereid vang nie."

Hy wend hom skielik tot sy seun. "Hoe laat is dit nou? Moes jou ma en Alexander nie al terug gewees het nie?" Aan die Valk beduie hy dat hulle met die vragmotor weg is om vars

voorrade vir die winkel te gaan haal.
"Onmoontlik vader," antwoord sy seun nadat hy eers sy horlosie geraadpleeg het. "Hulle behoort minstens nog anderhalfuur weg te wees."
"Terloops, hier het nie dalk onlangs 'n geselskap Suid-Afrikaners verby getrek nie? So 'n week of twee gelede? Ek is eintlik op hul spoor..."
"Suid-Afrikaners? Og ja, natuurlik. Pleks dat ek jou lankal van hulle vertel het, maar hierdie broeiende onheil het my ook heeltemal bemeester. Dit hou my snags lank wakker." Poponoulis lag verskonend en vervolg. "Ja, dit was 'n stuk of ses van hulle, saam met 'n klompie inboorlinge. Hulle wil glo 'n rolprent of iets kom maak van die oerwoudlewe..."
"Het hulle miskien laat val waarheen hulle onderweg is?"
Poponoulis dink 'n rukkie na, sy aandag verdeeld op die inboorlinge voor die winkel, sy vrou en seun iewers op pad deur die oerwoud en die vraag van die Oerwoudvalk.
"Laat ek nou sien... o ja, hulle het gepraat van die Maanberge."
"Ons het hulle gewaarsku teen die gevare van die oerwoud en die inboorlinge, maar hulle het net gelag," praat Poponoulis se een seun tussenin.
"Ek sien." Die Valk staar peinsend voor hom uit. "Hoe lank gelede was dit?"
"Ongeveer tien dae gelede. Hulle het hier voorrade gekoop en dieselfde dag nog verder gery. Hulle het 'n vragmotor en drie Landrovers by hulle gehad."
"Tien dae! Dan kan hulle nou reeds baie ver wees..." Die Valk sug effens moedeloos. Hy sou graag met sy volksgenote in verbinding wou tree. Miskien sou hy een onder hulle kon kry wat vir Lena Landman of haar vader ken.

Hy dink terug aan daardie dae, etlike jare gelede, toe hy Lena, haar vader en twee ander Suid-Afrikaners uit die kloue van die fanatieke Basan, in die Vallei van Skeba gered het. Daarna is sy op die nippertjie na deur die gevreesde Seekat aan ’n barbaarse Seekatgod geoffer. *(lees Goudstad van Skeba en Die Seekat*). Gelukkig kon hy haar toe ook betyds red... Lena Landman, die meisie vir wie hy destyds ’n besondere toegeneentheid ontwikkel het, maar wie hy nog nooit weer sedert daardie dae gesien het nie.

Poponoulis, vol van sy eie bekommernisse, bring die gesprek weer terug na die onderwerp wat hy aanvanklik aangeroer het.

“En wat dink jy van die toestande hier in die Kongo, Deon,” wil hy van die Oerwoudvalk weet.

Die Valk haal sy bamboesboog van sy rug af en lê dit langs hom op die toonbank neer. Hy kam sy welige hare met sy vingers terug en sê dan. “Die tyd is ryp vir ’n uitbarsting. Hier is oral agitators en opruiers van oorsee. Hulle stook onrus en praat net van bloedvergieting. Die krete van vryheid en Afrika vir die Afrikane, het vir hulle ’n soete bekoring...”

“En dit lyk vir my of die koloniale moondhede so reg in hulle hande speel,” fluister Poponoulis, sy oë nou weer op die inboorlinge wat nog steeds nie aanstaltes gemaak het om na binne te kom nie.

Skielik vernou sy oë. Een van die inboorlinge is besig om ’n wit lappie bo sy kop rond te swaai.

“Iets onderduims gaan beslis daar buite aan,” sê Poponoulis sag. “Ek dink die moeilikheid het so pas gekom. En my vrou en een seun behoort nou op pad terug te wees met die voorrade, wat hulle gaan haal het...” Hy is skielik erg bekommerd.

Op daardie oomblik besluit die vyf inboorlinge om die winkel binne te stap. Hulle kyk die Valk agterdogtig aan toe hulle instap.
Oënskynlik argeloos, maar innerlik gereed om enige oomblik tot handeling oor te gaan, leun die Valk vooroor op die toonbank. Poponoulis vra in Ki-Swahili wat die inboorlinge verlang. Die swart Kongolese staan elkeen 'n paar tree van die ander. Een draai om en stap skielik weer na buite.
Naby Poponoulis is sy twee seuns agter die toonbank doenig. Buite raas 'n swerm voëls. 'n Klompie lastige vlieë dwarrel om die Oerwoudvalk rond.
Die Oerwoudman speel liggies met die snaar van sy boog, sy ore nou skerp gespits. Hier broei moeilikheid, dit voel hy intuïtief aan. Hier moet meer inboorlinge in die nabyheid wees, want hierdie vyf is bloot nog net bespieders.
Hy swaai skielik om en kyk die naaste inboorling vas in die oë. Haastig kyk die inboorling weg. Onder sy arm hou hy 'n langerige voorwerp vas wat in 'n stuk sak toegedraai is.
Die Valk begin na die deur koers kry, sy bamboesboog weer agter sy rug. Voor hom is 'n gespierde inboorling, wat lank en stewig gebou is. Sy swart oë rus uitdagend op die witman hier voor hom. Sy voete is wyd geplant en 'n halwe glimlag speel op sy gelaat. Hy het die stuk sak aan 'n punt beet.
Poponoulis se een seun buk agter die toonbank weg. Die breedgeskouerde Griek laat sy hand in sy broeksak verdwyn, waar hy die koue kolf van sy Luger raak vat.
Toe gebeur dinge baie vinnig. Deur die hoek van sy oog gewaar die Valk 'n klompie inboorlinge deur die venster, uit die oerwoud se rigting, te voorskyn kom. Die inboorlinge is almal met oorlogsverf beskilder. Voor hom gaan die inboorling ook skielik tot handeling oor. Die sak word

omhoog gelig en met 'n kapbeweging na die Valk geswaai. Agter die Valk roep Poponoulis waarskuwend uit.
Maar dit was egter oorbodig. Vinniger as wat die oog amper kan sien, gaan die Oerwoudvalk tot handeling oor. Hy ontduik die moordende hou van die vlymskerp panga in die sak, loop die inboorling onderstebo en storm op 'n tweede af, wat aanstaltes maak om een van Poponoulis se seuns aan te val. Die groot Luger van Poponoulis blaf oorverdowend in die ingeperkte ruim van die winkel en een inboorling stort met 'n sug ineen, 'n ronde gaatjie deur sy kop.
Totale chaos heers hierna. Pangas beweeg met moorddadige kapbewegings deur die lug. 'n Stellasie met fietse, leerwerk en ander ware stort kletterend ineen. Die Valk worstel met 'n volgende inboorling. Verskeie pistoolskote bulder in die winkel en nog twee inboorlinge syg in hul spore neer.
Buite styg 'n barbaarse oorlogslawaai op. Oral oor beweeg nou swart liggame. Soos miere kom hulle nader, bloedbelus, met swaaiende spiese, pangas en gewere.
Dan gooi die Valk sy teenstander agteroor. Onmiddellik gryp hy hom aan sy voete en slinger hom by die winkel se deur uit. Skielik is daar geen vyand meer in die winkel nie, maar buite sidder die wêreld van bloedstollende skree geluide.
"Gou! Die plate voor die vensters! Kry die gewere en gooi toe die deur. Oop met die skietgate," bulder die diep stem van Poponoulis. Sy seuns nael soos verwilderde hase rond om hul vader se bevele so gou moontlik uit te voer.
Dan is 'n donker plaat inboorlinge voor die deur. Pistole en gewere knal en kaal, swart lywe stort met byna elke skoot ineen. Bloed spuit en spat tot binne in die winkel. Gewondes kerm oral, maar niemand hoor dit bo die krygslawaai uit nie.
Eenkant sluit 'n staalplaat voor die groot venster. Sekondes

later is ook die tweede venster bedek. Nog net die deur, waar die inboorlinge reeds soos verwoede bye saam tros. Verskeie spiese word na binne geslinger, maar val gelukkig nog skadeloos neer. ’n Brandende houtstomp volg kort daarna en dit tref ’n klomp materiaal, wat feitlik dadelik vlamvat. Die Valk gryp die stomp en slinger dit teen ’n inboorling vas wat so pas by die deur wil inbars. Hy gil uitgerek en aaklig. Vlammende materiaal volg die stomp. Die skroeiende hitte dryf die voorste inboorlinge terug en dan sluit die deur.

“Vader sy dank die gebou is van klip, maar die huis is nie!” Poponoulis roep sy een seun en storm op die deur af, wat toegang tot die paar kamers langs die winkel verleen.

Hy ruk die deur oop en storm die slaapvertrek binne. ’n Swaar spies tref hom in sy bors en laat hom terug steier. Sy seun gryp hom voor hy val. Dan is hulle weer terug in die winkel. Deur die oop deur storm ’n inboorling die winkel binne, maar stuit in sy spore as ’n pyl uit die Valk se boog hom in sy keel tref.

Meer inboorlinge is deur die oop deur sigbaar. Swaar blaf verskeie vuurwapens amper gelyk. Die inboorlinge spat uitmekaar en gaan skuil agter die bed en kaste, net waar hulle plek kry teen die dodelike koeëlreën.

Poponoulis se een seun los sy vader en slaan die binnedeur toe. Hy laat die swaar dwarsbalk in posisie sak en kniel weer by sy vader. Ook die Valk is nou by. Swaar en hygend kom Poponoulis se asem. Bloed stroom uit die wond waarin die spiespunt nog steeds steek.

“Hou vas jou vader sodat ons die spies kan uitkry,” beveel die Valk. Die seun gehoorsaam onmiddellik, sy gelaat wasbleek. Agter hulle knal geweerskote waar Poponoulis se oudste seun, Cicero, deur een van die skietgate op al wat

inboorling is losbrand.

Die spiere bult uit op die Valk se arms as hy die spies se steel vasgryp. Versigtig trek hy. Poponoulis kners op sy tande en kreun van pyn.

"Ons sal die weerhake moet los sny. Kry gou ontsmettingsmiddel en verbande!" Daar is gesag in die Valk se stem. Die opgeskote seun, bevrees dat sy vader sal sterf, reageer vinnig. Hierna begin die pynlike operasie. Poponoulis, sy taaiheid ten spyt, krul en kerm soos 'n klein kindjie, as die Valk se jagmes die vleis om die spies se weerhake oopkloof. Dan trek die Valk die spies uit en smyt dit eenkant neer. Vaardige, bruingebrande vingers woel met die wond en spoel dit uit met die ontsmettingsmiddel. Dit word dadelik deur die rooi, klewerige bloed benat, wat tot 'n plas op die vloer aangroei.

Stom en bleek van skok voer die seun die Valk se geringste wens uit. Rol op rol verband word om die wond gedraai en eindelik is die Valk klaar.

"Sal vader leef," vra die seun bewerig en bang. Die skote by die skietgat het opgehou. Cicero staan agter die Valk, sy oë groot op die bloed deurweekte verband om sy vader se harige borskas.

"Laat ons hoop hy oorleef. Jou vader is gelukkig sterk en taai, maar die wond is wel ernstig. Ons moet hom so gou as moontlik by 'n geneesheer probeer kry," sê die Valk.

Cicero kniel langs sy vader. Hy neem die slap hand in syne, buig vooroor en soen dit. Hy kyk na die Valk. "Dan moet ons hier wegkom. Dadelik!" Sy oë is groot, wild en vol haat as hy na die lawaai van die inboorlinge buite luister. Sy kneukels wat weer stywer om die geweer vasklem, vertoon wit en bloedloos. 'n Swaar slag laat die buitedeur sidder.

Stukke pleister breek van die kosyn weg en spat oor die vloer. Weer is daar die gedreun, soos ’n swaar voorwerp wat teen die deur stamp. Hierdie keer ruk ’n skarnier los en die deur gee enkele duime mee. ’n Gejuig styg dadelik van buite af op. Cicero jaag drie skote kort na mekaar deur die swaar houtdeur. Buite kerm iemand, blykbaar swaar gewond. By die sydeur, wat toegang tot die huis verleen, het alles stil geword. Die Valk draf daarheen en luister met sy oor by die sleutelgat. ’n Skerp reuk, die van rook, slaan in sy neusgate vas. Dit begin nou ook onder en bokant die deur, deursypel na die winkel.

“Ons is gedoem,” fluister Poponoulis hees. Niemand hoor egter sy woorde bo die lawaai nie. Hy hoes en byt op sy tande as die pyntonge opnuut deur sy hele lyf skiet. Hy dink aan sy vrou en aan sy een seun wat nou iewers daar buite saam met haar is. Iewers in die oerwoud, moontlik reeds in die aangesig van die dood. Waarom het hy, Poponoulis, nie maar na die klein waarskuwende stemmetjie hier binne in hom geluister nie? Die stemmetjie wat al vir meer as ’n jaar lank waarsku dat hy hier moet padgee.

Hy kyk na die voorrade in die winkel en na sy seuns wat albei by die skietgate staan en skiet. Ook na die Valk wat nou met ’n geweer skiet.

“Dit is verby,” dink hy. Dan sit hy regop en kners op sy tande teen die warm pyntonge. Dit kan nie wees nie, dink hy. Daar moet êrens uitkoms wees. Hy moet sy vrou nog net een keer sien. Uitgeput slaan hy neer. Sy bors voel rou en hy hyg na asem. Die rook brand sy longe. Sy moeë oë brand soos kole verterende vuur. Waar kom die rook vandaan en hoekom slaan hulle nie die vlamme dood nie? Poponoulis begin yl.

Eenkant roep die Valk hard uit. "Hulle val terug!"
"Ons moet nou dadelik hier uitkom," skree Cicero.
"Ek gaan vir vader haal," sê Cicero se jonger broer.
"Hulle is weg van die deur af. Nou is ons kans." Cicero stuur 'n haastige skoot agter 'n vlugtende inboorling aan. Deur die klein skietgaatjie sien hy oral lyke lê. 'n Paar gewondes sukkel strompelend na die oerwoud se kant toe.
Meer en meer donker, verstikkende rook, kolk die winkel binne. Anderkant die sydeur dans die rooi vlamme wild en woes en verteer alles wat in hul pad kom.
"Nou!" roep die Valk uit. "Ek sal die deur oopmaak. Skiet jy so vinnig jy kan, Cicero en laat jou broer jou vader bring."
Die deur swaai oop. Die Valk en Cicero storm die winkel uit. Onder die afdak verder weg gaan kniel hulle. Van agter 'n konka uit knal daar 'n geweerskoot. Cicero vloek en gryp na sy hand waaruit die bloed vryelik begin stroom. Dan skiet die Valk die skuilende swart geweerskut plat.
Spiese, pyle en koeëls reën weer opnuut op hulle neer, waar hulle agter 'n klomp rommel onder die afdak skuil. Skaars vyftien tree verder borrel dik, swart wolke by die woonhuis uit. Die vlamme slaan reeds deur die oop vensters.
"Is dit ernstig?" vra die Valk sonder om na Cicero te kyk. Sy skerp oë soek na skuilende inboorlinge wat gevaar kan inhou vir hulle. Net agter hom lê Poponoulis, nou bewusteloos.
"Net my vinger is dalk af," kners Cicero. "Boet," gelas hy sy jonger broer, "bind gou hier vas, maak net gou, Boet."
"Hier kan ons nie lank bly nie," sê die Valk en voel hoe sy oë van die rook traan. "Dis slegs 'n kwessie van minute voordat die winkel ook in ligte laaie gaan staan en die spul daar anderkant weet dit goed. Hulle wag natuurlik dat ons ons skuilings moet verlaat," sis Cicero, die pyn in sy vinger

tydelik vergete.
Die Valk se oë soek tussen die rookwolke rond, wat nou digter en digter om hulle begin saampak. ’n Vyftien tree verder is ’n klompie struike. So ver hy kan uitmaak, is daar nou niemand wat daar skuil, vanaf die tyd toe hy die inboorling daar platgetrek het nie.
Skuins agter hulle stort die dak van die woonhuis krakend en luid ineen. Vonke spat alkante toe en sommige daarvan val op hulle en brand hulle arms en ander dele van hul liggame. Die vlamme het die winkel bereik en dele daarvan is ook nou in ligte laaie.
“Maak klaar!” roep die Valk bo die helse getier uit. “Kom ons probeer daardie struike...”
“Hulle sal ons afmaai voor ons daar kom,” roep Cicero hees uit.
“Dit is ons enigste kans.” Die Valk buk oor Poponoulis en neem hom in sy arms.
“Gaan jy eerste, Cicero. Jy en jou broer en skiet so vinnig julle kan. Ek kom net na julle met jul vader,” gelas hy. Die twee jongmanne weifel nie verder nie. So hard hulle kan, hardloop hulle na die bestemde plek. Iewers klink ’n opgewonde, waarskuwende geroep van ’n inboorling. ’n Skoot knal uit die oerwoud, maar dit is gelukkig ver mis.
Gebukkend begin die Valk ook hardloop. Voor hom praat die gewere van die twee Grieke reeds. Om hom is net kolkende en verstikkende rook te siene. ’n Geweer se koeël laat die stof en sand kort agter hom op spat. ’n Ander een fluit duime bokant sy kop verby. Dan is hy is uit die rook en in die oop sonlig. Kort daarna is die Valk met Poponoulis ook tussen die struike. Versigtig lê hy die ylende Griek neer. Poponoulis se twee seuns lê reeds plat op hul mae en skiet.

“Hulle is gans te veel,” hyg Cicero. “Net ’n wonderwerk kan ons nou red.” Die Valk glimlag roekeloos. Hy het sy geweer laat lê toe hy met Poponoulis hierheen genael het. Hy ruk sy boog van sy skouer af en sekondes daarna sak die eerste inboorling sonder ’n kreun ineen, ’n pyl deur sy oog.

“Daar is deksels baie vuurwapens onder hulle,” kreun Cicero, terwyl hy sy geweer se slot oopruk en ’n nuwe patroon in die loop stoot. “En sommige skiet verbrands goed...”

Eenkant kreun Poponoulis weer. Hy fluister sy vrou se naam. Sy rooi beaarde oë flikker vir ’n vlugtige oomblik oop. Hy kyk na die blare bokant hom en die swart, skurwe stamme van die struike.

Harde bevele klink opnuut van die vyand se kant af op.

“Maak gereed vir ’n stormloop,” fluister die Valk sag, maar dringend aan die twee Grieke. “Die leier het pas beveel dat hulle ons moet bestorm...”

Haastig stoot Cicero en sy jonger broertjie hul gewere se slotte vol patrone. Die Valk neem ’n paar pyle uit sy pylkoker en steek dit in die grond voor hom vas. Een pyl rus reeds in sy boog se snaar, terwyl hy nog twee tussen sy vingers vasklem. Sy wakker blou oë soek na die eerste swart lywe, wat nou enige oomblik te voorskyn kan kom.

’n Doodse stilte het oor die gevegstoneel toegesak. Selfs die voëls is nou stil. Hoog bokant hulle draai swart stippels teen die tropiese lug. Dit is ’n klompie aasvoëls wat daar luiweg sirkel en hul kans geduldig afwag.

Agter hulle is net die geluid van verterende vlamme hoorbaar. Swaar, swart rook toring nog steeds in die stil, tropiese lug in.

Skielik is daar oral om hulle roeringe. Swart, halfnaakte krygers kom van agter hul skuilplekke orent. Daar is ’n digte

massa van hulle. Honger, bloeddorstige vegters met moord in hul barbaarse oë.
’n Harde oorlogslawaai styg op uit hul kele. Die twee Grieke kyk bevrees na die Valk se grimmige gesig. Hier by hulle kreun Poponoulis nogmaals. Hy herleef weer sy jong dae, die ontmoeting met sy vrou en die geboorte van hul eerste kind. Daardie dae in hul statige tuisland met sy eeue van tradisie en roem, sy koms na die Belgiese Kongo en sy vrese van die afgelope jaar of wat...
Poponoulis hoes nou die ene bloed. Hy hoor glad nie meer die lawaai om hom nie. Hy weet ook nie meer van die stryd om lewe en dood wat nou fel om hom woed nie. Hy glimlag, sy vrou se naam is op sy lippe. Waarom voel hy so snaaks, wonder hy vir ’n oomblik? Dan skeur die pyn weer erg deur sy bors. Verskriklike pyn. Hy moet tog na die geneesheer gaan, miskien is daar iets met sy bors verkeerd.
Eenkant dawer die Valk se sterk stem. “Vuur!”
Twee gewere knal gelyk en twee swart krygers stort dadelik neer. Die Valk se boogsnaar sing saam met die geweerskote. Elke pyl is ’n doodskoot, maar steeds kom die swart massas al hoe nader. Gewere, spiese, kieries, pangas en ander wapens word bokant hul koppe geswaai. Hulle skiet nie. Hulle dink nie eens meer daaraan nie, hulle soek nou net bloed van die mense hier voor hulle.
Cicero vloek as sy geweer se naald sonder reaksie klik. Sy magasyn is leeg! Sy vingers bewe as hy die slot oopruk en weer verwoed begin laai. Vlak voor hom stort ’n inboorling hygend ineen, met ’n pyl uit die Valk se boog in sy bors. Skuins agter hom val ’n tweede neer, ’n deel van sy gesig weg geruk deur ’n geweerskoot. ’n Bloedstroom spuit tot by Cicero. Dan stoot hy die slot toe. Sonder om eers te korrel

skiet hy ’n inboorling sommer by hom plat.
“Vandag sterf ons,” sê sy jonger broer sag hier langs hom. Maar Cicero het dit gehoor. Vinnig kyk hy na sy jonger broer se bleek gelaat, met sweet en stof daarop.
Agter hulle stort die winkel se dak donderend ineen. Verskeie rookwolke sypel deur tot by hulle.
“Terug! Saam met die rook. Kom!” roep die Valk luid. Hy raap Poponoulis op en gooi hom oor sy skouer. Haastig volg die twee jong Grieke. Rook is oral om hulle. Hulle hoes en hul tranende oë merk geen vyand op nie. Eenkant gewaar hulle die rooi vlamtonge by die huis. Dan is hulle digby die winkel se een muur. Vlamme slaan steeds hoog uit bokant die reeds ineengestorte dak.
Agter hulle en om hulle skreeu en raas die swart horde dat hoor en sien vergaan.
’n Inboorling doem voor die Valk op, maar hy skop hom wreed plat. Agter hom moker Cicero nog een teen die kop, met die loop van sy geweer.
Die rook klaar geleidelik om hulle op. Bloedbelope, rooi en tranende oë soek in die sonlig na die dansende, bloedbeluste gedaantes. ’n Gejuig styg op as die drie blankes uiteindelik weer gewaar word. Voor hulle is ’n skuinste en dan die oerwoud. Die Valk mik nou daarheen. Dit is hul enigste hoop om aan hierdie wraakbeluste krygers te ontkom, ’n skraal hoop.
Agter hulle klink daar skielik ’n geweerskoot op. ’n Toeter word skellend gedruk. Hulle hoor die harde gedreun van ’n motorvoertuig se masjien.
“Dit is moeder en Alexander!” gil Cicero. “Hulle sal eenvoudig voor die voet vermoor word!”
Blindweg skiet hy ’n paar skote af op krygers wat hulle